The separable composite verbs, we have seen, are now and then — very rarely — written as one word by a mere whim of our spelling-masters. The inseparable ones, as their name indicates, are NEVER broken up. They behave in every respect like ordinary simple verbs. The only reason for mentioning them specially is that there are constructions where the learner may be apt to confuse the two.

Please remember, the separables — those we have been exercising with — have the accent away from the verbal part (when they are written in one); thus:

vóorkom, to come before, to appear
Dit kom my vóor dat dit 'n gocie plan is.
Dit het my vóorgekom dat . . . .
Wanneer 'n ding my reg vóorkom . . . .

But there is a different verb *voorkóm—to prevent:*

Hoe sal ons die kwaad voorkóm?
Ek sal probeer om die kwaad te voorkóm.

Do you notice? TE VOORKOM, and not VOOR TE KOM, like *skool te gaan, aan te trek,* and so on. In other words, I repeat, VOORKOM' is and always remains, one word. It is a verb like *ontkom,* to escape. Ah, and do you remember these prefixes I asked you to? —

BE, ER . . . . what are the others? Verbs so prefixed take no GE in the past participle: *Ek het BE-sluit (determined), and NOT: Ek het GE-BE-sluit.* Well, the inseparables similarly do without (kom klaar sonder) the GE:

Ek het die kwaad voorkóm,

And NOT:

Ek het die kwaad ge-voorkóm

(nor, of course, as we have seen, *voor-ge-kom,* because that would be putting asunder what is inseparably joined together).

So :

My kop was seer en toe het ek na die water toe gegaan en hom óndergehou. Dis goed om jou kop óndér te hou. Hou maar jou kop óndér.

BUT :

Is jy in-staat (in a state, in a position, able) om jou kinders te ONDERHOU' (support)? Het jy hulle tot hiertoe behoorlik (properly) ONDERHOU'? ONDERHOU' jy jou kinders!

Other inseparables are : *ondergaan' — to undergo; ondersteun' — to support with assistance (onderhou' is to support entirely); oortref' — to exceed, to excel; oortree' — to trespass; oorléwe — to survive.* There are not too many more.

LESSON XI

A LITTLE TALK ABOUT IDIOMS

This chapter is — like the rest of the book, only more so — intended, not so much to teach things by rule but, on the contrary, to show by repeated illustration that a language cannot be effectually learnt by rule but must be learnt by practice.

Afrikaans is unequalled in its poverty of the things that do not matter, the things of the flesh. It is likewise unequalled in its wealth of the things that do matter, the things of the spirit. Its mother, High Dutch, and its aunt, High German, frivolous even in their old age, are very fond of silly furbelows and fripperies. They like to say *Ich trage, du traegst, er traegt,* where we say *Ek dra, jy dra, hy dra.* Also they love to distinguish the masculinity of a girl's foot from the femininity of her hand and the neutrality of the girl herself, and to extend these distinctions to other parts of the sentence, saying *Einen schoenen Fuss, eine schoene Hand,* and *ein schoenes Maedchen.* From such irrationalities Afrikaans has broken away. As in English, we are satisfied with the pretty foot and the pretty hand of a pretty maiden, without caring for a he-foot and a she-hand attached to an it-wench. And these are material things, things of the flesh. Like English, only more so, Afrikaans has discarded them.

But one may know every word in the Afrikaans language and every grammatical rule and yet not be able to use the language. There is something more than external form. There is the inner spirit, the

genius of the language, the word-pictures it paints; the little turns and tricks of expression, breathing the vividness and animation of life; the idioms charged with the laughter or with the tears of a people's varied past; the homely simplicity here, the philosophical depth elsewhere — all these things cannot be learnt by rule, any more than meteorology can classify the glories of the sunset or zoölogy analyse the affection of the dog. Afrikaans is a very live thing.

For *I love you,* you can say in Afrikaans *Ek bemin jou.* But that would be lip-homage. The language of the heart says *Ek het jou lief — I hold you dear.* That word *lief,* waiting, as it does, for the end of the phrase as if to ensure by the last fading echo an abiding memory, carries all the association of sweetness of its other forms: *liefling, geliefde, verlief, liefde.* I am trying you see, and clumsily failing, to convey what I mean by the heart of a language that throbs with thought and feeling.

Incidentally, the example just given is one of an endless multitude of instances where you cannot turn an English expression into its corresponding Afrikaans expression by merely translating the words. I must content myself with a very few more illustrations. I could write an encyclopaedia of corresponding Afrikaans and English idioms, but, at that, my list would yet be incomplete and then the greatest sage could not by a life's memorising learn them from there although every child learns them without the least conscious effort by daily use.

Talking of love — Shakespeare makes King Henry the Fifth ask the French Katherine:

"Do you like me, Kate?"

Kath. *"Pardonnez-moy, I cannot tell vat is 'like me'."*

K. Hen. *"An angel is like you, Kate, and you are like an angel."*

Corresponding to this last *like*, we have the word *gelyk — similar, equal, even,* and from it the word *gelykenis—parable.* But *I like you* is not *Ek gelyk jou* nor *Ek lyk jou.* It is *Ek hou van jou — I hold of you.* A little stronger than this, but by a long way short of *Ek het jou lief*, is *Ek is lief vir jou — I am fond of you.*

We have a verb *raak — to touch, to hit.* (You have made a little of its acquaintance.) To express what is conveyed by the English *Idon't care* in the sense of *It is no concern of mine,* we used to use this word *raak: Dit raak my nie — It touches* or *hits me not.* And we can still say so. But when we very strongly protest our indifference, the emphasis carries the *t* of the *dit* on to the *raak.* So we have evolved the stronger word *traak: Dit traak my nie,* and having this new word we keep the *t* even where no *t* precedes: *Ek sien nie hoe dit jou traak nie — I don't see what business it is of yours,* an expression so forcible that it has the effect of an oath without its blasphemy. (There is really no excuse at any turn for swearing in Afrikaans.) But we have put this word *raak* to further use. As you remember, we form the passive voice by means of the auxiliary *word — Ek word geslaan —* which is much more striking than the English verb *to be* in *I am struck.* But even this strong word *word* has a stronger alternative in *raak. Ek raak gekul* means something more than *I am cheated —* something like *I fall into being cheated,* just as *Ek raak aan die slaap* means

something like *I fall asleep, I fall into sleeping.* But the real shade of meaning eludes my English compass. For *I disappear,* you may say *Ek verdwyn* which is a very exact translation. But *Ek raak weg* is something more than a mere colourless narrative. It is something like *I undergo a process of vanishing.* And this same *raak* is also used as an adjective. *'n Raak skoot* means *A hitting shot. 'n Raak woord* is a word that hits the nail on the head and drives it home. Furthermore, *raak* becomes an adverb in *Ek skiet raak—I shoot a hit.* Against which we have the more probable event expressed by *Ek skiet mis — I shoot amiss.*

With difficulty I restrain myself from going on with these examples indefinitely. It is obvious that no grammar or dictionary, certainly no conscious memorising of lists of idioms, can put the student in possession of all the instances where a literal verbal translation from the one language into the other produces no equivalence. Still less is it possible in that way to arrive at the degree of mastery of the acquired tongue which gives the foreign learner the ease and effectiveness of the native. Our best Afrikaans literature, that which is really alive and instinct with the soul of the people who have evolved the speech — that which is concrete, homely, personal, intimate — and not merely formally correct like the lifeless pattern-mongering of professional jargon—that literature I believe to be incapable of translation into any other language. And therefore the Afrikaans learner must from the outset accustom himself to become an Afrikaans thinker. While he is hearing, speaking, reading, writing Afrikaans, he must forget his English.

By way of insisting, if possible, yet more strongly upon the point I wish to make in this lesson, I append a passage of as simple a literary form as I could find. It is taken from a child's book (*Die Eensame Hoop*) written, of course, with no idea of piling up idioms for purposes of linguistic illustration. The words in italics are explained in the notes that follow the passage.

HOOP OP DIE UITKYK

In die tyd van *vammelewe* waar ons storie begint, was daar nog nie een witmens hier in *ons ou land* nie. Daar waar die grote Kaapstad nou lê, aan die voet van die *yslike* berg wat *gelyk is van bo* nes 'n tafel en *daarvandaan toe ook* later die naam gekry het van Tafelberg, en tussen die berg en die see, op die kus of strand van Tafelbaai, daar het ons *nooientjie,* die Hoop van Suid-Afrika, *baie keer* gestaan in daardie dae en verlang dat daar moes witmensies oor die see kom om haar heerlike land te kom *bewoon en bewerk.* En deur lange, lange jare het sy gewag maar daar kom niemand nie. En *as sy nou* somtyds baie ongeduldig en hartseer geword het, dan het sy tussen die ruie bosse deur geloop, baie versigtig dat hulle nie aan haar groen syrokkie moes haak nie; en die tiers het geknôr vir haar en die leeus het gebrul en aaklike slange het hulle koppe opgetel en hulle nekke platgemaak en geblaas *nes* kwaai katte. Maar geeneen van hulle kon vir haar seermaak of aanraak nie, want sy is *mos* onsterflik. En so het sy dan deur die bosse gekruip en gesukkel tot hoog teen die berg, en op en op, en die steil kranse uitgeklim *tot bo.* En as ons toe hier

onder was waar die stad nou is en ons sou opgekyk het, dan *sou ons haar kon gesien het,* daar bo teen die bloue hemel, eensaam en verlangend. Die sterretjies *het maar* geflikker en *gefonkel* op haar koppie en die goue ketting en die goue anker het geblink teen die groen van haar rokkie. En dan *staan sy maar daar* en sy kyk uit oor die grote bloue see. Maar die see was eensaam en verlate, net soos sy. Nou het die golfies geskitter in die sonlig soos die watertjies op en neer dans; en dan weer was daar 'n geweldige storm en die branders het soos berge aangekom en op die rotse gestort met 'n gebulder soos donderslae, asof hulle haar land wou inneem en vir haar van die berg af wegspoel. Maar soos die leeus en die tiers en die slange haar nie kon seermaak nie, so kon die watergolwe haar ook nie deer nie. Want sy was altyd onsterflik.

En as sy dan met haar droewe en ledige ou hartjie lank daar gestaan het en uitgekyk het oor die ledige see en daar kom nog altyd niemand nie dan het sy omgedraai met haar rug na die see en haar gesig na die binneland toe; en sovér as wat sy kon sien was haar land *ene woesteny*. Paaie of tuine of wingerde of vrugtebome of landerye of witmenshuisies was nergens en nergens en nergens te sien nie; net maar grote en *donkere* houtbosse en dorings en onkruid, en daartussen-in ongediertes wat mekaar verskeur en wilde mense wat mekaar vervolg en bekruip en vermoor en nog wreder was as die ongedierte. En so het die dae verbygegaan die een na die ander, en die maande het jare geword, en een jaar na die ander het gekom en gegaan, baie, baie jare, meer as wat julle kan tel en meer as wat ou Oom kan tel.

Op die uitkyk. On the look-out. Outlook, prospect, is in Afrikaans *vooruitsig — fore-out-sight.*

vammelewe. Lit., *from my life, during my past experience.* Used for a more distant past — *in the days of yore, in olden times.*

ons ou land. This does not mean *our old country,* as little as the German *unser alter Gott* means *our old God.* The *ou* is a term of endearment, as a wife may speak of her *ou man.*

yslike. Yslik — terrible, stupendous.

gelyk van bo. Even from above, flat-topped.

daarvandaan. Therefrom, thence. The *vandaan* may be used separately — *Waar kom jy vandaan? — Where come you from?* The opposite is — *Waar gaan jy heen? Where go you towards?* For *heen* we also use *na-toe: Waar gaan jy na-toe? —* So: *daarnatoe,* same as *daarheen.* We may say *Ek gaan na die Kaap,* or *na die Kaap toe,* or simply ek gaan *Kaap-toe.* So *huistoe* is *housewards.*

toe ook. Then also, accordingly.

nooientjie. Maiden. The diminutive ending *tjie* here does not necessarily imply littleness. It is a verbal caress. So the *Ou man* may call his wife *Vroutjie.*

baie keer. Many a time.

bewoon en bewerk. Inhabit and cultivate. Ek woon, ek werk — I reside, I work. Ek bewoon — I reside in (but the Afrikaans means rather more; it expresses a transitive action). *Ek bewerk — I work at* or *on.* This *be* is a very common prefix.

as sy nou. The *nou* here is not the temporal adverb *now*; it is a mere idiomatic particle. It could sooner be translated by *then.*

nes kwaai katte. Just like angry cats. From *net so as — just so as*; thence *netsoos,* thence *nes. Netsoos* is used for stronger emphasis.

mos. Untranslateable. Here used in the sense of self-evident finality: *Why, she is immortal.*

tot bo. Until above, right to the top.

sou ons haar kon gesien het. Would we her could seen have — had we been down below, *we could have seen her.*

het maar gefonkel. The *maar* is again untranslateable. Probably there is an equivalent particle in Greek.

staan sy maar daar. Same here.

ene woesteny. One uninterrupted wilderness. This *ene* here is a strengthened form of *een,* like *'n groot huis, 'n grote huis.* It may even be used with the plural: *Die land was die ene dorings — The country was one mass of thorns.*

I have left some idioms unnoticed. I am sure you . . . . ek is seker jy het hulle raakgesien.

LES XII

AAN DIE LEERLING, PERSOONLIK

My liewe Vriend(in),—Dis 'n lees-les hierdie, al is dit 'n brief. Moet hom tog nie ongelees laat omdat hy 'n brief is nie. En behandel hom soos al die ander oefeninge, soos ek jou in die begin aangedui het: lees hom vyf-, sesmaal hard op; vertaal hom dan in Engels; maak die boek toe; vertaal jou Engels terug in Afrikaans; maak die boek weer oop; vergelyk jou Afrikaans met myne; maak . . . . jou . . . . foute reg — as jy dan nou nog hier en daar 'n foutjie maak!

Tot hiertoe het ek met jou Engels gepraat om jou Afrikaans te leer. Dit was nie goed genoeg nie, maar dit was die beste wat ek kon doen. Op een of ander manier moes ek my mos tog inmers (!) aan jou verstaanbaar maak. Maar ek sê dit was nie goed genoeg nie. As 'n mens 'n taal wil aanleer, het jy ál jou aandag daarby nodig, sonder om nog aan 'n ander taal te dink, al is daardie ander ook jou eie. Toe jy, as 'n kindjie, jou eie Engelse taal geleer het, het jy net Engels alleen gehoor. As ek jou van die begin af persoonlik kon Afrikaans geleer het, sou ek nie 'n woord Engels met jou gepraat het nie. Ek sou jou met-eens gewénd gemaak het om Afrikaans te dink tot jy jou Engels (vir die oomblik) vergeet het, en vergeet het dat Afrikaans 'n vreemde taal is. Nee . . . . ek sou dit darem nie kon gedoen het nie!

Maar nou sal ek jou sê wat om te doen. Mag ek? Asseblief. Wanneer jou volgende vakansie kom,

probeer om te reël om in 'n Afrikaanse huisgesin te gaan bly. Maar pas tog op: ons Afrikaanse Afrikaners — ek meen ons wat "Dutch" genoem word, wat ons nie is nie — is baie lief om Engels te praat. Sê vir die dierbare mense waar jy gaan bly jy het nie daarheen gekom om Engels te leer nie: jy wil net skone, blote, pure Afrikaans hoor en nie een enkele Engelse woord nie. Dan sal jy in veertien dae meer Afrikaans leer as wat ek jou met my grammargedoente in ses weke kan leer. Want, ek herhaal, en ek herhaal weer en weer, en oor en oor — wat jy nodig het is oefening, OEFENING, *OEFENING. Netsoos iemand wat musiek leer, of snelskrif — of soos jy gewoon geleer skryf het. (Ek wens jy kon sien hoe mooi en hoe vinnig ek hier skryf. Maar ek OEFEN al meer as veertig jaar daaraan!) Om 'n taal te gebruik is 'n kuns, nie 'n wetenskap nie. Eers dan ken jy 'n taal wanneer jy nie oor jou woorde hoef te dink nie; wanneer hulle vanself kom. En daarom moet jy, van die begin af, aanhou met praat en luister, en lees en skryf;* aanhou, AANHOU, *AANHOU.*

En nou omtrent die lees. Ek wil graag hê jy moet boeke en koerante en tydskrifte in die hande kry soveel as jy maar kan. Maar moenie van die begin af moeilike stukke neem nie. Hulle sal jou bang maak en jy sal dink Afrikaans is te swaar vir jou om ooit te leer. EN DIT IS NIE SO NIE.

Dis nie 'n leesboek hierdie nie, maar ek laat hier 'n paar kort lees-lesse volg. En, asseblief, maak nou so: waar jy 'n woord kry wat jy nie ken nie, en nie uit die verband kan raai nie, soek hom in jou woordeboek op en onderstreep hom. Maak netso met elke moeilike woord-verbinding (konstruksie) of idioom.

Onderstreep hom, en vra iemand om jou uit te lê wat hy beteken. Dan, wanneer jy op die end van die stuk kom, gee jou aandag vernamelik aan die onderstreepte woorde en uitdrukkings sodat jy hulle in die toekoms onthou. Dis genoeg om dieselfde moeilikheid eenmaal te ontmoet.

Wat versies betref — poësie, bedoel ek — ek sit 'n paar vertaalde Engelse gesange hierby. Ek wil eintlik nie hê jy moet jou meer as wat nodig is met vertalings moegmaak nie — jy moet jou, so gou as dit moontlik is, by die een taal hou, soos ek reeds gesê het. Maar 'n mens kan nooit 'n gedig letterlik vertaal nie; ek dink dit sal in hierdie geval goeie oefening wees vir jou om die oorspronklike Engels by die Afrikaans te sit en te vergelyk WAAR DIE VERTALING NIE SUIWER IS NIE. Miskien kan jy ook my Omar Khayyam *kry, met dieselfde doel. Die Engels van FitzGerald en my Afrikaans is daar langes mekaar gedruk.*

BLY, HEER BY MY!

("Abide with me", Lyte)

Bly, Heer, by my. Die nag is snel aan't daal.
Laat deur die donker my Ú lig bestraal;
Is daar geen hulp of uitkomste te kry —
O Hulp van hulpeloses, bly by my.

Ten einde spoed ons korte lewensdag,
Dof word die glans van aards genot en prag,
Verand'ring en bederf is rondom my —
O Heer, wat nooit verander, bly my by.

Ek vra nie net 'n woord of net 'n groet,
Maar soos by U dissiepels, sag en soet,
Gesèllig en gemeensaam, vriend'lik, vry —
Bly nie as vreemd'ling maar as vriend by my.

Kom nie as Koning met gesag en skrik,
Maar kom my met U liefde-salf verkwik —
Met trane vir my leed, 'n hart wat ly
Met myne, bly, o Sondaarsvriend, by my.

My vroeë jeug was deur U heil bekoor,
Daarná het ek U uit my hart verloor;
Maar as ek U verlaat het, Heer, dan bly
Soos U my nooit verlaat het, trou by my.

U bystand kan ek nooit een uur ontbeer —
Hoe sonder U sou ek versoeking weer?
Waar kan ek nog soos U 'n Leidsman kry?
Deur wolk en sonneskyn, o bly by my.

Met U by my vrees ek geen vyands haat,
Deer my geen leed, verbitter my geen kwaad.
Dood, waar's jou prikkel? Graf, jou segepraal?
Met God by my sal ek die sege haal.

Heer, openbaar U aan my sluitend oog,
Skyn deur die skemer; wys my na omhoog.
Die Hemel daag. Laat aardse skaad'wees bly —
Deur lewe en deur dood, bly, Heer, by my.

LEI, VRIEND'LIK LIG!

("Lead, Kindly Light," Newman)

Lei, vriend'lik lig! Dis donker om my heen,
Lei, Heer, vir my;
Ek swerf, 'n vreemd'ling, ver van huis, alleen;
Lei tog vir my.
Bewaar my voet; ek vra U nie om my
Daar ver te wys, maar tree vir tree te lei.

Nie altyd het ek so van U begeer
Om my te lei:
Ek wou my koers self kies; maar nou, o Heer,
Lei U vir my;
Met dwase trots, oproerig, wou ek leef:
Vergeet tog wat verby is, en vergeef.

U mag wat my so lank bewaar het, bly
My toeverlaat,
Deur donker bos, oor krans en kloof, tot by
U daeraad —
Tot weer die engel-beelde my bekoor
Wat ek so vroeg bemin het en verloor.

DIE WATERNOOIENTJIE

In die kinderstorietjie Brolloks en Bittergal *kom daar 'n "Waternooientjie" (meermin, mermaid) voor. Met die volgende gesangetjie lok sy die seuntjie Kosie aan om by haar te kom woon onder die water:*

Die Lied van die Waternooientjie

Ek droom waar stille waters rus
En skaad'wees sagte koelte sprei;

Ek slaan met branders teen die kus;
Ek sing en dans waar bekies gly —
Kom, mense-kindjie, woon by my!

Ek verf die reenboog aan die lug,
En witte wolkies dra vir my:
Dan strooi ek pêreltjies terug,
Oor berg en vlakte, veld en vlei —
Kom, kindjie, kom tog by my bly!

Diep in die see is my paleis,
Van rooi korale is my kroon;
Die vissies trek my waar ek reis,
En skulpies dek my wondertroon —
Kom, kindjie, kom tog by my woon!

Kom, kindjie, word my water-seun;
Kom dans met my waar bekies gly;
Kom raas met my waar branders dreun;
Kom droom met my waar skaad'wees sprei—
Kom, kindjie, kom — kom bly by my!

DIE SONNEMEISIE

In dieselfde boekie kom daar ook 'n "Sonnemeisie" voor. Sy woon nie in die waters van die grasveld — aan die see-kus — nie maar in die sonnige lug van die Karo. Die volgende beskrywing word van haar gegee, met die teëstelling tussen haar en die Water-nooientjie:

Wie dan die Sonnemeisie is

Maar nou sal die kindertjies die verdere beloop van die storietjie nie kan verstaan nie of ek moet hulle eers vertel van die Sonnemeisie.

In die houtbos-wêreld van die vorige storietjie van Kosie en Rosie, daar tussen die berg en die see, sal die kindertjies onthou is daar baie water. Dit reën daar oorvloedig, somtyds meer as te veel, sommer weke aaneen. Daar is riviere met groot seekoegate, ander riviere waar die see in opstuit met vloed tot vér in die land, skuimende strome wat van die sye van die berge rasend neerstort. En dan is daar die yslike onafsienbare see. En dáár, omdat daar so baie waters is, is die verblyfplek van die Waternooientjie.

In die Karo is dit net anders-om. Daar het jy nie 'n land van vleie en waters, van wolke en reëns, van dampe en deinsige mistigheid nie; nee, daar leef jy onder 'n bloue hemel en in 'n heldere lug sodat jy van end tot end oor die vlaktes kan sien. Ja, nie 'n land van skaduwees nie, maar 'n land van sonneskyn. Daar kon die Waternooientjie nooit bestaan het nie: sy sou daar dadelik doodgaan nes 'n vissie wat uit die water gehaal is.

Nee, die Karo het 'n ander nooientjie, die Sonnemeisie. Sy is nie maklik om te sien te kry nie, nes die Waternooientjie ook maar nie. Maar partykeer, as 'n mens op die warme middag in die middel van die somer onder die heerlike koelte van 'n doringboom gaan lê op jou rug, langes een van die droë riviere van die Karo, en jy luister na die sonnebesies en goggabesies en bytjies daar bo oor jou tussen die lower, dan hoor jy tussen-in 'n stemmetjie wat baie soeter is as hulle s'n—ja, en baie fyner en sagter, so sag dat jy hom nóu hoor en netnou is hy weer weg, en dis maar ál vir jou of dit skone verbeelding was, nes 'n socte droom van 'n gesangetjie wat daar van hoog uit die bloue lug kom. Jy kyk op, en daar is

die heerlike groene blaartjies met hier en daar 'n stippeltjie sonlig wat deurskyn. En tussen die blare, die goudgeel doringblommetjies wat self nes sonneglansies lyk. En dan, as jy lank opgekyk het, tot jy naderhand vaak word, dan net voor jou ogies toeval, sien jy deur die digte takke . . . net so effentjies 'n glim van 'n skynseltjie van blinkende goud. En dan raak jy aan die slaap en jy droom dat jy die Sonnemeisie gesien het. Haar haartjies is van goud; haar kleertjies is kunstig geweef van goue garing; agter haar skouertjies het sy twee vlerkies met goue vere wat blink soos die son. Om haar koppie is 'n krans van gousblomme gevleg; en in haar handjie dra sy 'n sonneblom.

En soos jy droom dat jy haar sien, so droom jy dat jy haar hoor sing; en dit is die gesangetjie wat sy sing:

Die Lied van die Sonnemeisie

Nooit hoor of sien die mensies my —
Ek steek my weg in sonneskyn;
En as die son die aand verdwyn,
Verdwyn ons albei, ek en hy.

Dan word die laaste hartjie seer;
Die wêreld trek rou-lanfer aan:
Jy sien net swart gedaantes staan,
En nergens groene bome meer —

En nergens meer 'n blommekleur
Van goud of blou of wit of rood:
Dis alles donker soos die dood,
Met rou-gewaad soos alles treur.

Maar elke oggend kom ek weer;
Met eerste dagbreek sien jy my
My glimlag oor die berge sprei —
En dan sien jy geen lanfer meer.

Ek toor met glimlag en met soen,
En gousblomme blink sonne-geel,
En sonneblomme goud-ferweel,
En doringbome goud en groen.

Ek maak die laaste hartjie bly
Met sonnegoud en lowergroen;
En al die mensies voel my soen —
Maar niemand hoor of sien vir my.

Nou ja, gesien het jy haar nie; gehoor het jy haar nie; jy het maar gedroom van haar. Maar soos jy van haar gedroom het, so is sy, die Sonnemeisie van die **Karo**.

NOG 'N BRIEF AAN DIE LEERLING

My vriend die leerling,—Hier volg 'n stuk of wat . . . .

Onthou jy? — Do you retain? — 'n Stuk of ses — a piece or six, about six, some six or thereabouts; 'n stuk of wat — a piece or what, a few . . . .

hier volg 'n stuk of wat briewe. Die briewe is alleenlik bedoel vir oefening. Ek het reeds herhaaldelik gesê, hierdie boekie is nie 'n leesboek nie, en nie 'n leerboek nie, en nie 'n oefenboek nie; hy is 'n gids—a guide-book—om jou te wys hoe om te leer en hoe om te lees en hoe om te oefen. Die oefenings wat hierin is, is GLAD TE

MIN. Maar nou darem—nevertheless, all the same—neem hierdie briefies vir verder oefening. MOENIE hulle gebruik vir model-briewe nie. Miskien sal die uitgewers iemand kry om 'n by-gaande—accompanying—model-boekie op te stel; ek deug nie—am no good—vir sulke werk nie.

I

Meneer,

Ja, Meneer; ons het net die twede-handse Ford waar u na soek. Hy het sewe-honderd-duisend myl geloop tot sy meter losgeruk het en daarvandaan het hy eers regtig op koers gekom. Hy wil nie meer staan nie; hy hardloop nou ál om ons pakhuis in die rondte solank as ons wag om hom aan u af te lewer. Die dele wat hy nog oor het, is nie die moeite wêrd om onrustig oor te voel nie. Sy voorwiele lê in Mosselbaai, sy bak in die Sahara, sy enjin by die Noordpool; en van sy skroewe en moere, soos van die empire af, gaan die son nooit meer onder nie. U sal dus dadelik verstaan dat hy oneindig doeltreffender is as toe hy uit die fabriek gekom het. As u nog nie tevrede is nie, kan ons nog dele laat afstamp, maar ons dink nie dis nodig nie. Hy stoom soos 'n wewenaar, hy blaas soos 'n kat, hy raas soos 'n meule, hy ruik soos 'n muishond, en hy jaag soos die blits. Ons sal hom op die pad sit na u toe wanneer ons reken dat u hierdie brief moet ontvang; dan kan u hom verwelkom wanneer u klaar gelees het. Daarom skryf ons nie meer nie buiten om te sê dat ons die prys aan u laat, en dat u versekerd kan wees van ons voortdurende welwillendheid.

U dienare,

II

Geagte Mevrou,

Dit is regtig baie lief van u om my te nooi om my vakansie by u op die plaas te kom deurbring. Dit sou vir my so 'n voorreg gewees het om kennis te maak met die huisgenote van my skool-vriendin. En dit sou 'n heerlike nuwe ondervinding gewees het om met die lewe en werksaamhede van 'n boereplaas in aanraking te kom. Elsie het my onstuimig gemaak met haar beskrywings van die vee-kraal en die lammertjies, die koei-melk en die pêrd-ry, die skaduwees van die doringbome en die son-gloed op die wye vlaktes. Maar—ag, die ellendige, ewige "mare" tog!—my vader moet op reis gaan en my moeder is sieklik; ons kan haar nie alleen laat nie. Mag ek my by 'n volgende geleentheid self nooi?

Met dankbare hoogagting,

U dienares,

III

Geagte Meneer,

Ek gee 'n klein geselligheidjie by my huis, aanstaande Donderdag-aand, aan die vriende in die buurte om my en my ou man te kom gelukwens op ons goue bruilof. Daar sal geen formaliteit wees nie. Sal u ons die genoeë verskaf om in ons vreugde te kom deel? En bring tog 'n paar musiekstukkies saam.

Met agting,

U vriendin,

Naskrif. Ons wil nie 'n verontskuldiging hê nie; ons wil u hier hê.

IV

My vriend,

Ek skryf swaar aan hierdie brief want dit maak my seer om jou seer te maak. Ek hoef jou nie te sê hoeveel agting ek vir jou hoë karakter het, hoe trou en diep my vriendskaps-gevoel vir jou is nie. Maar ek het nie die soort liefde vir jou wat my die reg sou gee, om my ontwil en om jou ontwil, om met jou te trou nie. Laat ons tog albei hierdie gebeurtenissie vergeet en laat dit tog asseblief geen vervreemding bring in ons gelukkige vriendskaps-betrekkings van soveel jare nie. Ons was soos eie broer en suster aan mekaar gcheg; my vriend, laat ons dit tog bly. Dit sal die enigste weg wees waarop ons albei troos sal vind vir die leed wat ons albei nou voel.

Met verdriet, maar met hoop,

Jou innige vriendin, soos altyd,

V

Meneer,

Ons waardeer u bestelling. Die grawe, krui-wa, en ogies-draad word vandag met die vragtrein afgestuur. Ons is seker u sal daarmee voldaan wees.

Wat die wind-pomp betref, moet ons ons spyt te kenne gee dat ons nie op die oomblik u bestelling kan uitvoer nie. Ons had gedog die voorraad sou voldoende wees, terwyl dit 'n nuwe fabrikaat is. Maar vandat ons advertensie verskyn het, het die bestellings van alle kante so toegestroom dat ons al drie maal gekabel het om groter besendings. Ons het vyf ander merke van wind-pompe in voorraad, almal óu-beproefdes; u sal die pryse sien in die katalogus wat ons hierby insluit. Maar beide wat prys en werk-vermoë betref, sou ons u aanbeveel om liewer

'n drie weke te wag en die nuwe te kry. Sal u so vriendelik wees om ons te berig wat u verkies?

Met die versekering van ons voortdurende diens-willigheid, en met hoogagting,

U dienare,

VI

Waarde Heer,

Mag ons tog so vry wees om nog 'n maal die ingeslote rekeninkie onder u vriendelike aandag te bring? Ons is baie jammer om lastig te wees.

U dienare,

VII

Meneer,

Ons het al byna die bedrag van die ingeslote rekening met posgeld verdubbel. En van die ander kant af hou die mense wat ons aan skuld, aan om posgeld te betaal om die geld uit ons te kry wat ons nie uit u kan kry nie. Dink u nou dis reg?

U haastige dienare,

VIII

Meneer,

Dit sal vir weerskante, vir u en vir ons, aangenamer wees, en voordeliger ook, as ons die eenvoudige besigheidjie van die rekeninkie wat nog teen u uitstaaande is, en wat ons hier vir die hoeveelste maal insluit, self tussen ons kan afhandel sonder om die hulp van 'n prokureur daarby in te roep. Dink u nie ook so nie? Vertrouende dat u net so bereidwillig is tot 'n vereffening as ons,

U dienare,

IX

WelEdele Heer,

In antwoord op u advertensie is ek so vry om my aan te beveel vir die betrekking van klerk in u winkel. Ek het tien jaar ondervinding gehad en ek sluit hierby afskrifte in van getuigskrifte van my vorige emplojeerders. Mondelings is ek heeltemal tweetalig; met skrywe maak ek nog foute in my Afrikaans, maar ek het net 'n kursus deurgemaak en is besig om die studie van die taal ernstig voort te sit. My privaat dosent is so vriendelik om in die verder ingeslote briefie te getuig van die vordering wat ek tot hiertoe gemaak het.

Met agting,

U dienswillige,

XII

Geagte Buurman Koos,

Jy weet ek is nie 'n lastige of ongeduldige man nie. Ook is ek nie 'n onredelike man nie: as jy vir my sê dis my eie skuld dat ek hier kom woon het sonder om eers te ondersoek watter soort ander mense reeds hier woon, dan gee ek jou gelyk. Ek begryp dat ek moet verlief neem om te slaap soos ek my kooi gemaak het. Ja, dis juis daaroor dat ek aan jou skryf. Ek wil slaap en ek kan nie. Jy kan slaap; jy sal my kan sê hoe ek ook dit kan regkry.

Ek bewonder jou, Buurman. Jy slaap heerlik, stil en sag en vas soos 'n suigling, sonder nagmerrie, sonder drome of dit moet soetes wees. Jy bly vet en fris en opgeruimd. En 'n mens moes verwag het dat jy 'n epekonderse wrak moes wees

of 'n rasende in 'n gekkehuis. Buurman, jy is wonderlik.

Want kyk, Buurman, jy het meisiekinders, nie meer te jonk nie, wat tot twaalf-uur in die nag klavier speel en sing, luide maar nie welluidend nie. Jy het 'n seun wat om een-uur tuis-kom van 'n ander singplek af, nog singende tot hy die voordeur met 'n donderklap agter hom toegooi. Jou losiesganger, of jou vrou s'n, word om twee-uur deur sy maats ingedra, vloek-vloek. Om drie-uur begint jou hane te kraai, en hulle word beantwoord uit die nabyheid en uit die verte, maar daar is geen finaliteit nie: 'n mens sou sê hulle was henne, elkeen wil die laaste woord hê, tot hulle met dagbreek uitgeslaap is van die kraai en hulle vlerke klop en van die steier afspring. Dan ook klop jou donkie sy twee ore teen mekaar nadat hy die nag deur wanhopig volhard het met oefening om te leer uitdrukking gee aan die gevoel van onreg wat hy koester oor die behandeling wat hy in jou diens ontvang. En ondertussen, deur die lange nagwake heen, was daar jou ses katte wat aanhoudend kerm onder die kruis van weersinnige liefdesbetuiging; jou koei wat by haar kalf wil wees en hy by haar; jou ander pluimvee, ganse, eende, makoue, kalkoene, tarentale, waaronder daar nag vir nag, soos dit klink, vernielende ongedierte is, buiten dat 'n mens geen gestadige vermindering in hulle getalle kan bespeur nie; en jou uil wat nou ses maande lank op jou dak te vergeefs sit en smeek dat die dood tog in die huis moet neerdaal.

En deur dit alles heen, Buurman Koos, slaap jy soos 'n doofstomme, soos 'n houtblok, soos 'n klipsteen, soos 'n ondierasie sonder senuwees. En gelyk

met die rooidag, en die geklop van donkie-ore en hane-vlerke, kom jy uit, gebad, geskeer, gekam, fresh as a daisy, stralend van gesondheid, blinkend nuut, oorlopend van lewe, en jy gryp jou grasmaaier en die berge weergalm. En dan kom jou vrou uit om die bespreking voort te sit van die intieme sake van julle getroude lewe wat gisteraand deur die aanvang van jou gesnork onderbreek was.

Buurman, dis genoeg. Ek swyg van die ander klanke en geluide en rumoere en gerase en lawaaie wat gedurig uit jou pandemoniese bedlam na die hemel opstyg en oor die aardse buurte sprei. En jy slaap, slaap, slaap, soos 'n dooie.

Buurman Koos, my liewe buurman — stuur my tog asseblief jou reseppie. Draer van die briefie sal wag daarvoor.

Met vriendelike groete, en hartelike dank by voorbaat,

Jou welwillende buurman,

Kerneels.

AFRIKAANS WORKS BY THE AUTHOR.

In die reeks ,,Almal se Boeke,'' almal Posvry ... 2/9

1. *Sonde met die Bure*
2. *Doppers en Filistyne*
5. *Loeloeraai*
6. *Verre Dae*
7. *Geeste op Aarde*
8. *Brolloks en Bittergal*
9. *Herrie op die ou Tremspoor*
10. *Mof en Sy Mense*

Ander Werke

Ons Weg deur die Wereld

Deel 1 ... ... 4/6

Deel 2 ... ... 5/6

Deel 3 ... ... 6/6

Die Opdraende Pad 6/6

Die Pad van Suid-Afrika 5/6

Die Eensame Hoop 4/6

Gesange in Afrikaans 2/6

Omar Khayyam 6/3
Lukseband.

Ons Geliefde Verjaarsdagboekie 10/-
Lukseband.